

WISKUNDE GRAAD 4**Junie 2016****Vraag 1****Voltooi die volgende:**

1.1 $35 + 25 = 60$

1.2 $12 \times 8 = 8 \times 12$

1.3 $570 \times 1 = 570$

1.4 $700 \div 10 = 70$

1.5 $6 + 6 + 6 + 6 = 4 \times 6$

1.6 $68 - 28 = 40$

1.7 $47 \times 100 = 4\,700$

1.8 $630 \div 7 = 90$

1.9 $1 - \frac{7}{10} = \frac{3}{10}$

1.10 $7 \times 8 = 56$

1.11 $2 \times 0 \times 4 = 0$

1.12 $\frac{1}{8} + \frac{3}{8} = \frac{4}{8}$ of $\frac{1}{2}$

Vraag 22.1 **Skryf die getal wat voorgestel word:**

2.1.1 $600 + 3\,000 + 9 = 3\,609$

2.1.2 $(4 \times 10) + (8 \times 1\,000) + (3 \times 1) + (9 \times 100) = 8\,943$

2.2 Gebruik die syfers om die volgende te maak:


29852.2.1 Die grootste ewe getal **9 852**2.2.2 Die kleinste onewe getal **2 589**

Vraag 33.1 **Vul in >; < of =:**

3.1.1 4 cm > 38 mm

3.1.2 $2\frac{1}{2}$ ure = 150 minute3.1.3 3 250 m < $3\frac{2}{5}$ km **3 400 m**3.1.4 $\frac{3}{8}$ van 24 < $\frac{2}{7}$ van 353.2 **Rangskik die volgende in stygende orde:**

3.2.1 6 262; 6 206; 6 622; 6 266; 6 626

6 206; 6 262; 6266; 6 622; 6 6263.2.2 $\frac{1}{2}$; $\frac{1}{5}$; $\frac{10}{10}$; $\frac{1}{3}$; $\frac{1}{4}$ **$\frac{1}{5}$; $\frac{1}{4}$; $\frac{1}{3}$; $\frac{1}{2}$; $\frac{10}{10}$** **Vraag 4**4.1 **Skryf die volgende tye volgens die 24-uur digitale horlosie:**4.1.1 20 oor 6, vm **06:20**4.1.2 kwart voor 3, nm **14:45**4.1.3 5 voor 9, vm **08:55**4.2 **Skryf die tyd op die volgende horlosies in analoog (gewone) tyd:**4.2.1 **10 voor 5**4.2.2 **half 8**

4.3 Hoeveel tyd verloop van 11:35 vm tot 3:25 nm?

$$11:35 + 25 \text{ min} \longrightarrow 12:00 + 3 \text{ ure} \longrightarrow 15:00 + 25 \text{ min} \longrightarrow 15:25$$

$$25 \text{ min} + 3 \text{ ure} + 25 \text{ min} = 3 \text{ ure } 50 \text{ min}$$

Vraag 5

5.1 Watter breuk is ingekleur?




$$5.1.1 \quad \frac{3}{8}$$

5.2 Kleur die volgende breuk van die voorwerpe in:



$$5.2.1 \quad \frac{1}{3}$$



$$5.2.2 \quad \frac{5}{6} \text{ van } 12 = 12 \div 6 \times 5 = 10$$

5.3 Voltooi die volgende patrone:

$$5.3.1 \quad 3 \frac{2}{5}; 3 \frac{3}{5}; 3 \frac{4}{5}; 4; ; 4 \frac{1}{5}; 4 \frac{2}{5}; 4 \frac{3}{5}$$

$$5.3.2 \quad 6 \frac{3}{4}; 6 \frac{2}{4}; 6 \frac{1}{4}; 6; 5 \frac{3}{4}; 5 \frac{2}{4}; 5 \frac{1}{4}$$

5.4 Doen die volgende omskakelings:

$$5.4.1 \quad 8 \text{ cm} = 80 \text{ mm}$$

$$5.4.2 \quad 2 \frac{1}{4} \text{ m} = 225 \text{ cm}$$

$$5.4.3 \quad 1 \text{ 065 mm} = 1 \text{ m } 65 \text{ mm}$$

$$5.4.4 \quad 3 \text{ km } 5 \text{ m} = 3 \text{ 005 m}$$

$$5.4.5 \quad 5 \frac{3}{4} \text{ m} = 5 \text{ 750 mm}$$

Vraag 6

6.1 Voltooi die volgende getalpatrone:


6.1.1 179; 175; 171; 167; 163; 159; 155

6.1.2 4; 8; 16; 32; 64; 128


6.1.3 315; 335; 355; 375; 395; 415

6.1.4 3; 4; 6; 9; 13; 18; 24


6.2 Voltooi die vloedidiagram:




6.3 Kyk na die volgende patrone wat met blokkies gevorm word:



Patroon 1



Patroon 2



Patroon 3

6.3.1 Voltooi nou die tabel:


Patroon nommer	1	2	3	4	5	10
Aantal blokkies	5	9	13	17	21	41

6.3.2 Beskryf in woorde die formule wat jy kan gebruik om die aantal blokkies in elke patroon kan bepaal.

Vermenigvuldig die patroon nommer met 4 en tel dan nog 1 by.

Vraag 7






7.1 Kyk na die driedimensionele vorms genummer A tot F hier onder .
Beantwoord nou die volgende vrae:




- 7.1.1 Wat word vorm F genoem? **sfeer**
- 7.1.2 Uit hoeveel plat vlakke bestaan vorm E? **6 vlakke**
- 7.1.3 Wat is die naam van die vorm wat die basis van vorm B is? **vierkant**
- 7.1.4 Watter van hierdie vorms kan almal rol? **A; D; F**
- 7.1.5 Wat word vorm C genoem? **driehoekige prisma**

Vraag 8

'n Groep graad 4-leerders is gevra watter leerarea hulle die meeste van hou. Kyk na die resultate en beantwoord dan die vrae:

Wiskunde	
Afrikaans	
Engels	
Natuurwetenskappe (NWT)	
Sosiale wetenskappe (SW)	

 = 3 leerders

- 8.1 Van watter leerarea hou die leerders die minste? **Engels**
- 8.2 Hoeveel meer leerders hou van Wiskunde as van Sosiale Wetenskappe (SW)?
15 – 6 = 9 leerders
- 8.3 Hoeveel leerders het altesaam aan die opname deelgeneem?
15 x 3 = 45 leerders

Vraag 9:**Bereken volledig:**

9.1 $3\,467 + 2\,698$ (Skat eers jou antwoord deur die getalle af te rond tot die naaste 1000)

Skatting: $3\,457 + 2\,698 \approx 3\,000 + 3\,000 = 6\,000$

Antwoord: 6 165

9.2 $5\,302 - 3\,423$

Antwoord: 1 879

9.3 18×45 (Breek die getalle op in faktore)

$$18 \times 45$$

$$= 2 \times 9 \times 5 \times 9$$

$$= 9 \times 9 \times 5 \times 2$$

$$= 81 \times 10$$

$$= 810$$

9.4 79×54 (Skat eers die antwoord deur die getalle af te rond)

Skatting: $79 \times 54 \approx 80 \times 50 = 4\,000$

Antwoord: 4 266

9.5 $575 \div 4$ (Kontroleer jou antwoord)

Antwoord: 143 res 3

Kontroleer antwoord: $143 \times 4 + 3 = 575$

Vraag 10

Los die volgende woordprobleme op:

10.1 $\frac{5}{8}$ van die lekkers in 'n pakkie is oranje. As daar 24 lekkers in die pakkie is, hoeveel lekkers is oranje?

$$\frac{5}{8} \text{ van } 24 = x$$

$$24 \div 8 \times 5 = 15$$

$x = 15$ lekkers is oranje

10.2 'n Stuk materiaal is $3\frac{1}{2}$ meter lank. Mamma knip 85 cm af om 'n kussing te maak. Hoeveel van die materiaal is oor?

$$3\frac{1}{2} \text{ m} - 85 \text{ cm} = x$$

$$350 \text{ cm} - 85 \text{ cm} = 265 \text{ cm}$$

$x = 265 \text{ cm}$ materiaal is oor

10.3 'n Gesin vertrek met vakansie na 'n vakansie-oord wat 2 450 km van hulle huis af is. Die eerste dag ry hulle 798 km en die volgende dag 1 274 km. Hoe ver moet hulle die derde dag ry tot by die vakansie-oord?

$$2\,450 \text{ km} - (798 \text{ km} + 1\,274 \text{ km}) = x$$

$$2\,450 \text{ km} - 2\,072 \text{ km} = 378 \text{ km}$$

$x = 378 \text{ km}$

10.4 Jana oefen klavier van 14:15 tot 16:10. Hoe lank het sy musiek geoefen?

$$14:15 + 45 \text{ min} \longrightarrow 15:00 + 1 \text{ uur} \longrightarrow 16:00 + 10 \text{ min} \longrightarrow 16:10$$

$$45 \text{ min} + 1 \text{ uur} + 10 \text{ min} = 1 \text{ uur } 55 \text{ min}$$

10.5 Hoeveel rooi penne kan juffrou Nel koop van R207 as een rooi pen R9 kos?

$$R207 \div R9 = x$$

$$x = 23 \text{ rooi penne}$$

10.6 Ben se klas samel geld in om vir hulle juffrou 'n geskenk te koop vir haar verjaarsdag. Elkeen van die 36 kinders dra R8 by. Hoeveel geld het hulle altesaam ingesamel?

$$36 \times R8 = x$$

$$x = R288$$

10.7 Emma spandeer $\frac{2}{5}$ van haar sakgeld. Indien sy R60 sakgeld kry, hoeveel geld het sy oor?

$$\frac{5}{5} - \frac{2}{5} = \frac{3}{5}$$

$$\frac{3}{5} \text{ van R60} = x$$

$$R60 \div 5 \times 3 = R36$$

$$x = R36$$

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in die eerste twee kwartale van die skooljaar behandel is.

Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.